Dienelkander

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos

19 Oktober 2014

OGGENDDIENS: Ds. Karel

Vanoggend word die doop aan Anke van Jaarsveld, die dogtertjie van Jan en Mia van Jaarsveld, bedien. Kom ons vier saam met hulle fees oor hierdie wonderlike geleentheid!

Skriflesing: Psalm 8
Teks: Psalm 8: 4-6
Tema: In Christus besoek God jou, want jy is kosbaar vir Hom!

Wat leer ons uit hierdie gedeelte? (Vul self in)

Wat beteken dit vir ons vandag? (Vul self in)

Vooraf sang
Psalm 29-2: 1, 2, 5 en Lied 464: 1, 3

Ontmoetingsdiens
Intreelied en Votum Ps. 33-1: 8, 11 (Tweede melodie); Seën; Lofsang Psalm 146-2: 1, 2, 4; Geloofsbelydenis (Apostolies - Hardop);

Verootmoedigingsdiens
Wet; Sing Psalm 106-2: 3, 7;

Woorddiens
Doopbediening; Lied na die Doop Lied 292: 1, 2; Skriflesing; Sing Ps. 8-1: 1, 3, 4, 7 (Tweede melodie); Woordverkondiging;

Antwoorddiens
Gebed; Liefdegawes; Gebed vir BnB ; Sing Ps. 110-3: 1, 2, 3; Seën; Amenlied Sb 13-3

GROEPBEDIENINGE

Daar vergader ‘n groep om 18:00 in die kerkgebou onder leiding van ds Piet. Bring Bybel en Psalmboek saam.

MEELEWING

- Henlu van As (groep 44 - 083 501 7181) se operasie het goed afgeloop.
- Ina Jordaan (groep 38 - 082 375 7666) gaan eerskomende Donderdag vir `n heupvervanging in Randfontein.
- Anna Coetzer (groep 1) is steeds in Medi-kliniek vir behandeling.
- Pieter Bredenkamp (groep 23 - 082 879 7507) het behandeling in Krugersdorp Hospitaal ondergaan en sterk tuis aan.
- Hester Schutte (groep 1 - 082 925 6530) is in Multisorg opgeneem vir behandeling.

Ons bid dat die Here spoedig beterskap en herstel sal gee.

ONS DINK OOK AAN DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Sr Sannie Reyneke, sr Filina Coetsee, sr Marianne Kruger, sr Bettie Ras, sr Janet vd Walt, br Mannetjie Viviers, sr Hester Buys, br en sr Fanie en Ria Bezuidenhout, sr Anna Coetzer en sr Melanie Terblanche

BAIE GELUK

- Baie geluk aan Jason Olivier wat gekies is vir die Proteaspan Binnehuise Krieket en in New Zeeland gaan deelneem. Ons is saam met jou ouers baie trots.
- Baie geluk aan Eric Aspeling wie se dogter in die huwelik getree het.

ONS GROET

Ds Nic en Sielie Laubscher wat met attestaat vertrek na Gereformeerde Kerk Die Bult.

ONDERSTEUNING VIR SIEKES

Vir ondersteuning of besoeke deur die hospitaalbesoeke-diensgroep, skakel hierdie week vir:
siekes@oosdoppers.co.za
Anna Smith (083 765 9813)
Em Volschenk (082 564 1940)

AFKONDIGINGS

Die volgende aktiwiteite vind DV hierdie week plaas:

Vandag
09:00 Gebedsgroep
09:30 Oggenddiens
Kleuterbediening
Katkisasie 22
Tee en Koffie
16:00 Kooroefening
18:00 Groepsbediening

Katkisasie verslae inhandig

Maandag
17:15 Katkisasie Gr 10 (Afsluiting)
17:15 Finansiesdiensgroep
19:00 Kommunikasiediensgroep

Dinsdag
06:00 Manne ondersteuningsgroep
17:00 Versieringskomitee
17:15 Gesamentlike jeugdiensgroep
19:00 Katkisasiediensgroep en
Jeugdiensgroep, saam met
Diakonale Jeugdiensgroep

Woensdag
10:00 Amandelbloeisels
Geen katkisasaie vir gr 8 en 11 - reeds afgesluit.
17:15 Katkisasie Gr 9 (Afsluiting)
19:00 Bybelstudie Klipdrif
19:00 Beginpunt

BOTSWANA UITREIK

Ons is die Here dankbaar dat ons belydenisklas weer ‘n baie suksesvolle uitreik na D’Kar in Botswana kon onderneem. Benewens die bedieningswerk wat die katkisante met die gemeenskap se kinders kon doen, was dit ook ‘n baie goeie geleentheid om laaste gesprekke met die katkisante te kon hou en indringende vrae te bespreek. Terselfdertyd is vroue en kerkraadslede van D’Kar se gemeente in kinderevangelisasie opgelei deur een van hulle eie kategete wat met ons hulp as opleier by die Petra Kollege opgelei is.

Baie dankie aan almal in die gemeente wat gehelp het dat die uitreik kon plaasvind met die gee van voertuie, kamptoerusting, kos en koekies en kontantbydraes. Dankie aan die volwassenes wat die toer meegemaak het en baie hard gewerk het. Dankie vir julle persoonlike opoffering.

Dankie aan die kerkraad wat die fondse beskikbaarstel vir die belangrike toerustingswerk. Ons dank aan die Here vir ‘n veilige en geloofsopbouende uitreik.

Hier is ‘n getuienis van een van die katkisante oor die uitreik:
“Botswana was werklik vir my ‘n besondere ervaring en een wat ek vir altyd by my sal hou. Dit was regtig geestelik verrykend vir my en om net vir ‘n slag weer bietjie te kon stil raak voor die Here was ‘n hoogtepunt soos geen ander. Dit was fantasties om ook iets so groot in iemand anders se lewe te beteken. Om te sien hoe net jou teenwoordigheid en aandag so baie kan beteken vir iemand anders, het my emosioneel gemaak en net meer dankbaar vir alles wat ons het.”

Ds Piet

Oproep om spesiale bydraes vir ons Instandhoudingsfonds (Skuurdak)

Vanweë toenemende waterskade in die Skuur se voorportaal en ons kombuis het die kerkraad noodgedwonge die onvoorsiene uitgawe moes aangaan om 'n deel van die Skuur se dak te laat herstel deur nuwe dakplate te lê. Die skade aan plafonne moet nog herstel word. Die koste hieraan verbonde beloop
R100 000.00.

In die lig van die feit dat ons begroting reeds onder druk is, vra die kerkraad of **elke belydende lidmaat** nie eenmalig R 200.00 wil bydra om die koste te dek nie? Plaas jou bydrae in 'n koevert gemerk Instandhoudingsfonds (Skuurdak) in die kluis of kollektesakkies. Elektroniese bankoorbetalings kan ook gedoen word met die verwysing "Instandhoudingsfonds (Skuurdak)".

Ons sal op gereelde basis in die Dienelkander terugvoer gee oor hoe ons vorder om die bedrag in te samel en ons poog om die projek teen einde November af te handel.

Ons is dankbaar om bekend te maak dat daar alreeds ***R 29 635-00*** *deur lidmate bygedra is. Baie dankie aan almal wat reeds hulle bydrae gemaak het.* ***Ons is nou ongeveer by die 29 % merk van ons doelwit.***

VERJAARSDAE
Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

Sondag, 19 Oktober

Sr Essie Bester	083 255 5721
Br Frans Kruger	083 793 0552

Maandag, 20 Oktober

Br Mannetjie Viviers **(76)**	082 973 7331

Dinsdag, 21 Oktober

Br Willem Pretorius	082 300 1522

Woensdag, 22 Oktober

Jsr Lienke Coetzee	083 632 2533

Vrydag, 24 Oktober

Sr Elsa Coetzee	084 500 9634
Sr Riana Heystek	083 380 0662

Saterdag, 25 Oktober

Jbr Andreas Alberts	079 511 2371
Br Schalk v Deventer	083 262 5828

ANDER AFKONDIGINGS

- Liefdegawe vanoggend vir Barmhartigheid.
- Gawe by die deure vanoggend vir Bybelverspreiding.
- Gawe volgende Sondag vir die

Teologiese studentekas.
- Vrywillige bydrae vir voertuigsekuriteit in die bussies by deure.
- Diensbeurte: Groep 40 & 41.

KENNISGEWINGBORD

- Frankfort Riviertoer: Woensdag 3 Desember - Sondag 7 Desember 2014.
- Koop & Kuier Fees Geref. Kerk Rietvallei
- Gereformeerde Kerk Cachet - Eerstejaarskamp
- Gereformeerde Kerk - Brooklyn

KERSSANGAAND 30 NOVEMBER

Die gesamentlike kerssangdiens vind hierdie jaar by ons gemeente plaas op DV 30 November. 'n Gesamentlike gemeentekoor word weer beplan en ons nooi almal uit wat die Godgegewe talent gekry het om te sing om die talente te deel tot die opbou van die gemeentes en veral die eer van God. Ons oefen **vandag om 16:00 in ons kerkgebou.** Almal wat kan sing, kom deel in die voorreg om saam te kan sing. Ons het julle almal nodig.
Huib van Hamburg (082 550 5493)

UITNODIGING - HERVORMINGSDIENS

Hiermee word u almal vriendelik uitgenooi na die gesamentlike Hervormingsdiens saam met Cachet Gemeente op **26 Oktober 2014 om 19:00 in die Ouditorium** en die prediker is Ds. Leo van Schaik.

JEUG UITSTAPPIE: TREINRIT NA KLERKSDORP

'n Treinrit word beplan na Klerksdorp op Vrydagmiddag, 7 November, as afsluiting van ons jeugaktiwiteite. Ons sal om 14:00 van die Stasie af vertrek. Kostes beloop R20 p/persoon. Gee jou naam asb by Marie Oosthuizen op as jy belangstel.

POS BESKIKBAAR: ASSISTENT VAN DIE REKTOR EN DIE REKTORAAT VAN DIE TEOLOGIESE SKOOL

Vereistes:

- Bewese ervaring in kantooradministrasie en/of ander organisatoriese ervaring.
- Sosiale vaardighede vir skakeling met individue, veral studente en kerke.
- Aanvoeling vir die organisatoriese opset van die GKSA en die etos van die GKSA in die algemeen. Lidmaatskap van die GKSA word as belangrik beskou.
- Rekenaarvaardighede en bedrewe in die volgende sagteware: Microsoft Office applikasies (Word, Excel, Powerpoint en Outlook).
- Vaardigheid in die gebruik van die interne IT-programme van die NWU is 'n sterk aanbeveling.
- Minimum akademiese kwalifikasie van 'n eerste B-graad.
- Goeie taalvaardigheid in Afrikaans en Engels.
- Die geskikte kandidaat sal by voorkeur 'n persoon wees wat bereid is tot 'n langtermyn verbintenis.

Vergoeding en ander voordele:

- Markverwante vergoeding is onderhandelbaar.
- Pensioenvoordele
- Toelaag vir medies

Sluitingsdatum vir aansoeke: 24 Oktober 2014.
Indien u nie binne 2 weke na sluitingsdatum vir aansoeke van ons verneem het nie, neem asseblief aan dat u aansoek onsuksesvol was.
Diensaanvaarding: 5 Januarie 2015.

Navrae: Dr Wymie du Plessis by 018 297 3986.
CV's: Per hand by: Die Administratiewe Buro, Molenstraat 62, Potchefstroom.

- Faks: 018 293 1042.
- E-pos: wymiedup@gksa.co.za.

BAIE DANKIE

Henlu is Maandag oggend vir die tweede keer geopereer en herstel ongelooflik goed. Die Here het ons gedra in hierdie tyd en Henlu veilig in Sy hand bewaar. Weereens besef ons hoe bevoorreg ons is om deel te wees van 'n gemeente wat omgee! Baie dankie aan elkeen vir die ondersteuning, boodskappe, oproepe en veral jul gebede. Ons waardeer dit opreg!
Johannes en Chanelle

PA- EN-SEUNKAMP en MA-EN-DOGTER OGGEND

Ons is besig om 'n Pa-en-Seunkamp te reël vir 24/25 Oktober. Die pappas en seuns sal die Vrydagaand kamp op Totius se plaas, Krugerskraal en heerlik saam kuier! Ons gaan ook saam kyk na 'n video oor die rol van pa's in die lewe van hulle seuns.

Die mammas en dogters kom Saterdagoggend by die kerk bymekaar.
Hou die Dienelkander dop vir die finale datum en reëlings!

AMANDELBLOEISELS

Al ons Amandelbloeisels word hartlik uitgenooi na die byeenkoms, Woensdag 22 Oktober. Ons drink 'n koppie tee saam met tannie Yda om haar besondere verjaarsdag te herdenk.

BEROEPE NUUS

BEROEPE BEDANK

- Ds PJ van Blerk [Petrus] van Rustenburg-Wes na Nylstroom.

GEBEDE VIR BEDIENING NA BUITE -DIE SAAIER-

Hongarye
Bid asb vir vordering met die hersiesiening van die moderne Hongaarse Bybel. Bid ook vir die vestiging van 'n Bybelmuseum wat in die middestad van Boedapest beoog word. Dit sal 'n geleentheid skep vir baie van die land se jeug om daar vir die eerste keer met die Bybel kennis te maak.

Bulgarye
Bid asb vir die Bulgaarse Bybelgenootskap vat die Bybel in hierdie Postkommunistiese land met sy sterk ateistiese erfenis versprei. Bid dat die Here sal voortgaan om krag en wysheid aan ons personeel te sken.

PROJEKTE NUUS

CANSA PROJEK (Voorheen Toktokkie)

Liewe Gemeente
Ons herinner julle om asb jul CANSA koevertjies so gou as moontlik in die kluis of kollektesakkies te gooi! Baie dankie vir elkeen se bydrae
Vir enige verder navrae praat gerus met Odelia Venter (083 290 1572) wat aan stuur staan van hierdie projek.

Liewe kinders

Ons vra kinders tot en met matriek om solank silwer muntstukke bymekaar te maak vir ‘n groot muntlegging wat ons einde Oktober gaan hou! Tydens die muntlegging dink ons spesifiek aan kinders wat deur kanker geraak word. Begin sommer vandag en maak solank silwer muntstukke bymekaar!

KERSMARK

Liewe gemeente!
Oor **4 weke** is dit ons jaarlikse Kersmark! Ons benodig nou u hulp en ondersteuning!
Daar is vanoggend hulplyste in die Skuur, waar u asb kan aandui waar u beskikbaar is om te help tydens die Kersmark.

Die Restourant het ook hulp vooraf nodig - kontak asb vir Alta v Zyl indien jy ook vooraf kan help met gaarmaak van vleis.
Verder benodig die Restourant nog bediendes (ook een na 17:00 tot 20:00) - indien jy dalk jou bediende vir ons kan ”borg” vir ‘n dag of twee, of ‘n paar uur per dag, laat weet asb vir Alta.

Indien daar van u is wat baie besig is en nie fisies kan help nie, is jy welkom om vir Ryan Bezuidenhout (082 464 6310) te kontak om dalk as borg of donateur op te tree.

Daar is ook vandag reeds Vensterplakkate beskikbaar in die Skuur. Lidmate kan van dit neem om in besighede se vensters op te sit om as advertensie vir ons Mark te dien. Nooi asb julle vriende en familie om ons Mark te kom ondersteun.

Baie dankie vir almal se ondersteuning met hierdie groot projek, dit word opreg waardeer!

Mooirivier Kersmarkkomitee

Susters

TEESKINKGELEENTHEID

Tee word vandag in die Skuur bedien onder die leiding van groep 14, Erika Rood (groep 43) en Magdaleen Venter (groep 45).
Baie dankie aan die groepsusters en hul groepe se susters en broers wat met die skink en opwas help! **Ons moedig susters en broers aan om te kom help met die skink en opwas - so leer ons mekaar en ons nuwe groepe beter ken!**

ONS HULDE: POEDINGS

Baie dankie aan die susters wat gehelp het om Ons Hulde te ondersteun met poedings.

SUSTERSAMEKOMS

Hiermee word alle susters uitgenooi na ons laaste kwartaallikse sustersamekoms vir die jaar op Dinsdag 28 Oktober 2014 om 19:00 by die skuur. Die tema behels ‘n kombinasie tussen, een van die vyf vroue in Christus se geslagsregister, Maria en kersfees. Ons vra dat julle jul name sal opskryf op die lys in die portaal. Ons sien uit om die aand saam met almal te geniet.

POTCH SUSTERSAFSLUITING

Dit is vanjaar ons Oosdoppers se voorreg om die jaarlikse sustersafsluiting aan te bied vir al die Gereformeerde susters van Potchefstroom. Ons nooi een en elk uit na hierdie geleentheid op Dinsdag, 4 November 2014 om 18:00. Die tema is “Spys-en-Klank” en dit gaan ‘n aand vol kuier, musiek en heerlike kos wees. Ons kombineer hierdie geleentheid ook met die bekendstelling van ons resepteboek. Al die disse wat voorgesit word is resepte vanuit ons eie resepteboek. Bring dus ‘n geldjie saam indien julle ‘n kopie daarvan sou wou koop teen R60 per resepteboek. Alle winste gaan vir CANSA. Ons sien uit daarna om almal hier by ons te verwelkom en hierdie jaar so saam af te sluit. Ons vra dat julle weereens jul name op die besprekingslys sal aanbring indien jul die aand saam met ons wil kom geniet. Die getalle moet teen Maandag 27 Oktober 2014 bevestig word.

NAGMAAL-ETE

Die susters beplan om piekniekmandjies met ‘n ete vir 4 persone beskikbaar te stel vir die kwartaal se Nagmaal-ete op 16 November (mandjies vir 2 / 6 persone kan ook bestel word). Plaas asb solank jou naam op die besprekingslys in die portaal indien jy belangstel. Die koste beloop R35.00 per persoon. (Kinders onder 9 jaar betaal R20.00 per kind). Die fondse wat hierdeur gein word sal vir die Jeugfonds aangewend word.

BELANGRIKE DATUMS DIE KWARTAAL

VIERDE KWARTAAL				
DATUM	**DAG**	**TYD**	**WIE**	**WAT**
28 Okt	**Dinsdag**	**19:00**	**Blok C**	**Sustersamekoms**
02-Nov	Sondag	19:00	Blok B	Gesamentlike jeug- en erediens Koffie, tee en sap
04-Nov	**Dinsdag**	**18:00**	**Almal**	**Potch Sustersafsluiting**
09-Nov	Sondag	09:00	Almal	Belydenisaflegging
09-Nov	Sondag	19:00	Blok B	Ouderlingevergadering - verversings
16-Nov	Sondag	12:00	Blok A	Nagmaalete
22-29 Nov	Sat - Sat	07:00 tot 20:00	Almal	Mooirivier Kersmark
30-Nov	Sondag	18:00	Almal	Kerssangdiens

BAIE DANKIE AAN ONS BORG VAN DIE WEEK!